HOËRSKOOL

MARTIE DU PLESSIS

HIGH SCHOOL

BELEID: TOELATINGSPROSES

Inhoud

TOELATINGSPROSES BINNE DIE INGESLOTE ONDERWYSMODEL: MARTIE DU PLESSIS SKOOL 2

A. PROSEDURE VIR DIE IDENTIFISERING EN VERWYSING VAN LEERDERS NA MARTIE DU PLESSIS SKOOL 2

B. DIE INGESLOTE ONDERWYSBELEID: TIPES SKOLE 3

C. MARTIE DU PLESSIS SKOOL LEERDERPOPULASIE 4

D. DIE AANSOEKPROSES 6

E. TOELATINGSPROSEDURE 7

TOELATINGSPROSES BINNE DIE INGESLOTE ONDERWYSMODEL: MARTIE DU PLESSIS SKOOL

Toelating tot 'n Bronskool (Resource Centre) binne die Ingeslote Onderwysmodel

A. PROSEDURE VIR DIE IDENTIFISERING EN VERWYSING VAN LEERDERS NA MARTIE DU PLESSIS SKOOL

Binne die Ingeslote Onderwysmodel (Witskrif 6) word hulp aan leerders met leerstruikelblokke (bereik nie skolastiese doelwitte nie) soos volg gebied:

1. **Identifisering:** Leerders wat skolasties nie voldoende vorder nie en gevolglik nie die verwagte doelwitte bereik nie, word beskou as leerders met leerstruikelblokke. Sulke leerders word meestal geïdentifiseer by wyse van hulle swak skoolprestasie en vordering, asook hulle emosionele funksionering en gedrag. Verskeie persone kan by die identifisering betrokke wees, insluitend die leerder self, ouers/voogde, studiehulp, klasonderwysers en ander professionele hulpverleners. Die oorsaak van die leerstruikelblok mag sy ontstaan buite die leerder hê (ekstrinsieke leerstruikelblok), bv. finansieel, HIV-verwant, taal en so meer, of binne die leerder (intrinsieke leerstruikelblok), bv. disleksie (ernstig spesifiek leergestremd), mediese redes, verstandelike beperkinge en emosionele oorsake/invloede.
2. **Aanmelding:** Elke skool binne die Ingeslote Onderwysbeleid beskik oor 'n Skoolgebaseerde Ondersteuningspan (Site/School Based Support Team – SBST), onder leiding van die Skoolhoof, wat na die onderwysbehoeftes van leerders met leerstruikelblokke omsien. Alle leerders wat geïdentifiseer word deur die persone soos bo vermeld, word aan die hand van amptelike SIAS-dokumente skriftelik na die SBST verwys vir hulle intervensie en ondersteuning. NGO's betrokke by leerders met leerstruikelblokke, soos privaat Medici, Sielkundiges, Maatskaplike Werkers en Terapeute kan deel vorm van die SBST en moet deurlopend opvolge van die leerder skeduleer en terugvoer gee aan die SBST, wat hantering bepaal.
3. **Verdere verwysing:** Indien die SBST nie by magte is om die leerstruikelblok van die leerder verder te hanteer nie, moet die leerder verwys word (met alle ondersteunende dokumente soos vervat in die SIAS-dokument) na die Distrikgebaseerde Ondersteuningspan (District Based Support Team – DBST). NGO's soos privaat Medici, Sielkundiges, Maatskaplike Werkers en Terapeute kan verwysing na die DBST by 'n opvolgassessering aanbeveel of versoek. Die DBST lewer dan hulle intervensie wat mag insluit verwysing na 'n ander tipe skool wat beter toegerus is om met 'n spesifiek leerstruikelblok te werk.

B. DIE INGESLOTE ONDERWYSBELEID: TIPES SKOLE

1. **Omgewingskole** (Neighbourhood schools) met gewone onderwyspersoneel met onderwyskundigheid wat dien op die SBST vir didaktiese hulp aan leerders met geringe leerstruikelblokke (Vlakke 1 tot 2).
2. **Voldiensskole** (Full service schools) met ‘n Basiese Skoolgebaseerde Ondersteuningspan (Basic Site Based Support Team) vir didaktiese en ondersteuningsonderwys aan leerders met matige leerstruikelblokke (Vlakke 2 tot 3).
3. **Bronskole** (Resource centres) met ‘n volledige ondersteuningspan (Full Site Based Support Team) vir didaktiese onderwys, ondersteuningsonderwys, terapeutiese ondersteuning en mediese hantering van leerders met ernstige leerstruikelblokke (Vlakke 4 tot 5).

Plasing in Bronskole word deur die DBST bepaal op grond van die leerder se onderwysbehoeftes. ‘n Amptelike SIAS-verwysingsvorm van die Motheo DBST is nodig vir plasing by Martie du Plessis Skool.

Bronskole (Resource centres) verrig elkeen ‘n unieke diens aan leerders met ernstige leerstruikelblokke wat besondere uitdagings en kundigheid verg volgens die Ingeslote Onderwysbeleid in Witpapier 6. In belang van die leerder se onderrigbehoeftes en selfbeeld word ernstige intrinsieke LEERSTRUIKELBLOKKE in die volgende spesialiteitskategorieë ingedeel:

1. Neuraalgestremd : Word hanteer deur Martie du Plessis en Tswellang Skool
   - Serebraal
   - Ernstig Spesifiek Leergestremd met of sonder:
     - Aandagtekort
     - Aandagtekort met Hiperaktiwiteit
     - Disleksie
     - Afasie
     - Disfasie
     - Epilepsie
2. Fisiek gestremd : Word hanteer deur Martie du Plessis Skool
3. Sensories gestremd : Doof en blind – Bartimea en Thiboloha Skool

4.	Kognitief gestremd	:	Matig – Böhmer, Johan Slabbert en Maluti Hoogland Skole (vermoë 60-90) Ernstig – Lettie Fouché en Pholoho Skool (vermoë 60)
5.	Emosioneel-Gedragsgestremd	:	Geregtelike plasings – Rosenhof en Jimmy Roos Skool

Martie du Plessis Skool is 'n Bronskool (Resource centre) wat hoofsaaklik leerders akkommodeer wat ondersteuning nodig het op vlak 4 en 5 in ooreenstemming met een of meer van die volgende skolastiese leerhindernisse en wat fasiliteite het vir:

1. Vroeë Leerderontwikkeling (ECD = Early Childhood Development): Gr R
2. Grondslagfase: Gr. 1 – 3
3. Intermediêre Fase: Gr. 4 – 6
4. Senior Fase: Gr. 7 - 9.

GET Fase

5. Verdere Onderwys en Opleiding (FET = Further Education and Training): Gr. 10 – 12.

Die getal leerders per klas word bepaal deur die intensiteit van die gestremdheid.

C. MARTIE DU PLESSIS SKOOL LEERDERPOPULASIE

1. Neurologiese leerstruikelblokke, insluitend:
    - Serebrale gestremdheid
    - Ontwikkelingsleerstruikelblokke (Nie kognitief ingeperk nie)
    - Ernstige Leergestremdheid met of sonder
        i. Aandaggebreksindroom
        ii. Aandaggebreksindroom met Hiperaktiwiteit
        iii. Disleksie
        iv. Afasie
        v. Disfasie
        vi. Epilepsie
        vii. Omvattende Ontwikkelingsindroom
2. Fisieke leerstruikelblokke, insluitend:
    i. Mediese toestande
    ii. Mobiliteit
    iii. Motoriese beheer

iv. Selfversorging

3. Leerders op die Outistiese Spektrum:

Leerders wat op die Outistiese Spektrum en hoogsfunksionerend is, maar oor die vermoë beskik om die hoofstroomkurrikulum te bemeester, sal oorweeg word vir "screening" of 'n waarnemingstydperk vir moontlike permanente toelating.

Plasingskriteria

1. Fisiek- en Serebraalgestremde leerders (vanaf 5-jarige ouderdom)

a. Intrinsieke leerstruikelblokke

i. Skoolgaande leerders – aanbeveling en verslae van die huidige skoolhoof (SBST na Motheo DBST).

ii. Benodig: DBST-verwysing na Bronskool, Martie du Plessis, volgens leerder se Onderrig-ondersteuningsbehoeftes.

iii. Benodig: 'n Verslag en verwysing van 'n Pediater/Neuroloog/Mediese Dokter met diagnose.

iv. Benodig: 'n Kognitiewe vorderingspotensiaal-uitklaring dat die leerder se primêre leerstruikelblok nie verstandelik erge inperking is nie, maar wel 'n fisieke of serebrale intrinsieke leerstruikelblok (Sielkundige verslag – vermoë van 65 en hoër).

2. Alle leergestremde leerders (Reeds skoolgaande)

a. Intrinsieke leerstruikelblokke

i. Aanbeveling en verslae van die huidige skoolhoof (SBST na Motheo DBST).

ii. Benodig: DBST-verwysing na Bronskool, Martie du Plessis.

iii. Benodig: 'n Indikasie van die erns van die leerder se leerstruikelblokke.

- Gemiddelde en hoër kognitiewe funksionering met wisselende vlakke van vaardighede. (Sub-toets wisselings)
- Skolastiese vaardighede (Lees, spel en/of Wiskunde) openbaar ernstige agterstande (± 2 jaar of meer)
- Het didaktiese en/of remediërende ondersteuning ontvang, maar haal nie skolastiese agterstande in nie.
- Skoolrapport-resultate veel swakker as verwag ooreenkomstig aangeduide kognitiewe vermoë.

iv. Opsionele plasings-motiveerder: 'n Verslag en verwysing van 'n Pediater/Neuroloog/Privaat Sielkundige, wat disleksie, diskalkulie, disfasie, aandagtekort, epilepsie en/of sekondêre emosionele probleme aandui.

3. Leerders met Ontwikkelingsagterstande (vanaf 5-jarige ouderdom)

a. Intrinsieke leerstruikelblokke

i. Aanbeveling en verslae van die huidige skoolhoof (SBST na Motheo DBST).

ii. Benodig: DBST-verwysing na Bronskool, Martie du Plessis.

iii. Benodig: 'n Indikasie van die erns van die leerder se leerstruikelblokke.

- Gemiddelde en hoër kognitiewe funksionering met wisselende vlakke van vaardighede. (Sub-toets wisselings)
- Benodig: 'n Verslag en verwysing van 'n Pediater/Neuroloog/Mediese Dokter met ontwikkelingsagterstand-diagnose.

iv. Addisionele plasings-motiveerder: 'n Verslag en verwysing van 'n Pediater/Neuroloog/Privaat Sielkundige, wat disfasie, aandagtekort, epilepsie en/of sekondêre emosionele probleme aandui.

Relevante verdere verwysingsdokumente

i. Relevante amptelike SIAS-Dokumente

ii. Benodig: Skool-/kleuterskoolverslae en rapporte – Verpligtend.

iii. Benodig: Skool-/kleuterskoolgedragsrapport – Verpligtend.

iv. Benodig: Alle verslae wat beskikbaar is (nie ouer as 1 jaar nie):

- RO
- Fisioterapie
- Spraakterapie
- Arbeidsterapie
- Ander

Verdere vereistes

a. Ekstrinsieke leerstruikelblokke

- Leerder moet verkieslik die onderrigtaal ten volle kan bemeester (Engels of Afrikaans) aangesien 'n taalagterstand leerders met reeds ernstige leerstruikelblokke akademies verder kan rem.

D. DIE AANSOEKPROSES

Die aanbeveling vir Bronskoolplasing vanaf die DBST met alle toepaslike verslae van die SBST van die skool wat die leerder bywoon, word as 'n pakket by Martie du Plessis Skool ontvang.

‘n Aansoek word hierna geregistreer om te dien voor ‘n multi-dissiplinêre keurpaneel. Indien die keurpaneel onseker is oor ‘n aansoek, mag ‘n evalueringstydperk versoek word vir ‘n leerder om die skool by te woon. Indien die aansoek aan die vereiste kriteria vir toelating voldoen, daar plek in die klas is en die aansoek betyds ontvang word (tot einde Augustus, maar uitsonderings kan egter gemaak word indien die situasie van die leerder dit regverdig), word die leerder se ouers, die betrokke skool en betrokke DBST van ‘n toelatingsdatum verwittig. Indien die aansoek nie aan die vereiste kriteria vir toelating voldoen nie, word die leerder se aansoek aan die DBST terugbesorg met ‘n aanbeveling. Indien daar nie plek in die klas is nie of as die aansoek nie vir die betrokke jaar oorweeg word nie, word die leerder se aansoek tot die aanvang van die volgende akademiese jaar op ‘n waglys geplaas en die leerder se ouers, die betrokke skool en die betrokke DBST verwittig.

E. TOELATINGSPROSEDURE

a) Die Toelatingskomitee by die skool sal die aansoek verwerk (in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Skolewet).

b) By skooltoelating moet die volgende dokumente aan die Ondersteuningspan-ontvangsdame oorhandig word:

- Martie du Plessis Skool aansoekvorm (volledig voltooi)
- Oorplasingsbrief van die vorige Skool
- Laaste Skool: akademiese rapport
- Gewaarmerkte afskrif van die leerder se geboortesertifikaat
- Bewys van woonadres
- Gewaarmerkte afskrif van beide ouers/wettige voogde se ID-dokumente
- Alle relevante mediese of professionele verslae/dokumente

c) Die klasverteenwoordigende Sielkundige sal alle dokumente nagaan en die ouers inlig oor die verdere toelatingsvereistes. Aansoeke vir vervoer word verskaf en ingehandig by die betrokke Sielkundige. Die vervoer-koördineerders sal verder met die ouers in verbinding tree om hulle in te lig oor waglysplasings of akkommodering in die program.

Dagleerders gaan na stap e). Koshuisleerders gaan na stap d) hieronder.

d) Die betrokke sielkundige neem die ouers en leerder na die koshuis waar die Senior Huismoeder die leerder se kamer sal aanwys en seker maak dat hy/sy alles gebring het wat benodig word.

e) Hierna word die ouers en leerder na die betrokke Onderwys-Departementshoof geneem, wat die ouers/voogde ontmoet en enige vrae beantwoord wat hulle mag hê en bepaal volgens hul vorige skoolrapport, die graad en klas van die leerder se plasing. Indien die Departementshoof tydens die plasingsproses onseker is oor die graad van plasing, sal hy/sy die betrokke rolspelers, insluitend die ouers, raadpleeg.

f) Die betrokke Onderwys-Departementshoof neem die leerder na sy/haar Klasonderwyser, wat die leerder verwelkom en die skryfbehoeftes, soos nodig, met die ouers bespreek en vrae beantwoord.

g) Die leerder bly in die klas, terwyl die ouers terugkeer na die ontvangsarea van die Ondersteuningspan vanwaar hulle gestuur/geneem word na die Voorrade klerk, wat die Skryfbehoeftelys aan hulle voorsien.

h) Die Voorrade klerk help sodat die nodige betalings geregistreer kan word. Ouers het dan die toelatingsproses voltooi en kan die skool verlaat.

i) Die Voorrade klerk oorhandig die leerderlêer aan die Administratiewe beampte vir plasing op die skoolregister (SAMS).

j) Die Administratiewe beampte ontvang nou die leerderlêer en maak afskrifte vir die Onderwyslêer.

k) Die leerderlêer word dan terugontvang by die Ondersteuningspan-ontvangsdame, wat ‘n netjiese en samevattende Ondersteuningspanlêer vir die leerder open.